# INLIGTINGSTUK AAN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH PERSONEEL MET BETREKKING TOT:

## KOSTE- EN PRYSBEREKENING VAN NAVORSINGSVERWANTE TOEKENNINGS EN KONTRAKTE

## ASOOK

## INDIREKTE KOSTEVERHALING OP NAVORSINGSVERWANTE TOEKENNINGS EN KONTRAKTE

---

*Dit is uit die staanspoor belangrik om, as 'n navorsingsintensiewe universiteit, die finansiële volhoubaarheid van ons navorsingspogings te oorweeg. Om ten volle te begryp wat 'n navorsingsprojek die universiteit sal kos, sal die volkoste-berekening die basis vorm vir die besluit of daar (a) met die navorsingsprojek voortgegaan moet word en (b) indien ja, hetsy op 'n volkoste-basis of nie. Indien volkoste nie van die befondser verhaal word nie, word die projek beskou as gesubsidieer met staatsbefondsing.*

*'n Verdere belangrike oorweging is die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Staatsgefinansierde Navorsing en Ontwikkeling (Wet 51 van 2008) ("IER-wet"), wat aandui dat enige navorsing wat deur middel van eksterne befondsing op 'n volkoste-basis onderneem word, nie aan die betrokke wetgewing (verwys klousule 15.4 van die betrokke Wet) onderhewig sal wees nie, in welke geval die universiteit vry is om die kontrakvoorwaardes te onderhandel sonder verdere regulatoriese goedkeuring, afgesien van buitelandse transaksies. Die Universiteit Stellenbosch moet elke twee jaar ons koste- en prysberekeningsmodel, tesame met ons indirekte kosteverhalingskoersberekeninge (IKVK) (gebaseer op 'n goedgekeurde nasionale metodologie), by die Nasionale Intellektuele Eiendomsbestuurskantoor (NIPMO) indien vir goedkeuring.*

Binne hierdie konteks is die doel van hierdie inligtingstuk om 'n kort oorsig te gee van die twee beleide wat die kosteberekening en prysbepaling van navorsingsverwante toekennings en kontrakte reguleer.

**A. Algemene inligting rakende die volkostebegroting en -prys:**

1. Om te begryp wat 'n navorsingsprojek sal kos, word 'n volkostebegroting opgestel om die grondslag te bied vir 'n ingeligte besluit gebaseer op die kosteberaming en die lewensvatbaarheid van die navorsingsprojek in die geval waar die volkoste nie verhaal kan word nie. In hierdie konteks beteken volkoste die gelykbreekpunt van 'n projek, waar daar geen surplus is nie en ook geen verliese verwag word nie. Die volkoste sal alle gepaardgaande direkte en indirekte koste (IKVK) van die projek insluit. Indien minder as volkoste verhaal word, moet die navorser en die betrokke omgewing besin oor hoe hulle die projek gaan medefinansier om suksesvolle voltooiing te verseker. Elke omgewing sal hul risiko-aptyt moet oorweeg in die besluit om voort te gaan met projekte waar die befondsing nie voldoende is om alle projekkoste te dek nie.

2. Om die koste van die navorsingsprojek te bepaal, moet verskeie faktore in ag geneem word, soos die befondser se beleide in terme van toelaatbare en nie-toelaatbare koste, departementele- en fakulteitsvereistes, asook die vereistes van die IER-wet. Gevolglik kan die bedrag gelyk, meer of minder as die volkostebegroting wees.

3. Waar die bedrag laer as die volkoste van die projek is, sal die departement en fakulteit die lewensvatbaarheid van die projek oorweeg voordat goedkeuring vir die navorsingskontrak verkry word (hierdie goedkeuring word sistematies oorweeg deur die ondertekening van die interne verklaringsbrief). In hierdie geval is die IER-wet van toepassing en afwykings van die volkoste (waar die koste laer as volkoste is) mag meebring dat die kontrak onderhewig is aan goedkeuring deur die Nasionale Intellektuele Eiendomsbestuurskantoor (NIPMO), afhangende van die befondser se voorkeure rakende die oordrag en gebruik van IE wat onder die projek geskep is. Volgens die vermelde beleide is die proses vir die goedkeuring van navorsingskontrakbegrotings laer as volkoste, as volg:

   *"Indien die kontrakprys teen minder as die volkoste vasgestel word, moet 'n versoek vir sodanige afwyking van die voorgeskrewe beleid deur die navorser (na oorweging deur die volkoste-rekenmeester) gerig word aan die Dekaan of Visedekaan (Navorsing) waar gedelegeer, wat dit (waar van toepassing) sal oorweeg in oorleg met die Direkteur: Navorsingskontrakte om te verseker dat enige afwyking van die volkostebegroting nie 'n impak op die tipe kontraktransaksie sal hê nie. Die Dekaan of Visedekaan*

*(Navorsing) waar gedelegeer, moet finale goedkeuring vir afwykings van hierdie Beleid gee. Hierdie proses sal binne die ondertekening van die interne verklaringsbrief as deel van die goedkeuringsproses vir die navorsingskontrak, plaasvind."*

4. 'n Bykomende oorweging is van toepassing in die geval waar IE aan 'n buitelandse entiteit toegeken moet word. In hierdie geval word van die US verwag om aan die vereistes van beide die IER-wet en die regulasies van die Suid-Afrikaanse Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse (Wet 9 van 1933), te voldoen. Laasgenoemde vereis goedkeuring vir valutabeheer vir sodanige transaksie deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB). Waar kontrakte laer as volkoste befonds word, is daar geen waarborg dat die SARB sodanige transaksie sal goedkeur nie. Daar word van ons vereis om bewyse te toon van oorweging van die waarde van die IE, en vir daardie rede word 'n IE oordragfooi ingesluit in die kontrakprys. Meer inligting oor die IE oordragfooi sal op versoek verskaf word deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling.

5. Een van die voordele van die berekening van die volkoste, selfs waar befondsers slegs sekere koste toelaat, is dat daar 'n ouditspoor van die medefinansiering wat die US aan die projek verleen, is. Dikwels vereis befondsers medefinansiering deur die US, in welke geval die US die nodige bewyse sal kan lewer om sulke eise te staaf.

6. Fakulteite en departemente het die reg om bykomende heffings op te lê wanneer nodig, wat deel van die kontrakprys sal uitmaak. Hierdie heffings moet egter nie met indirekte kosteverhaling verwar word nie.

7. **Alle navorsingstoekennings en -kontrakte is onderhewig aan die volkostebeleide, met die uitsondering van NNS-toekennings en sekere reistoelaes** (waar slegs kostes wat verband hou met die mobiliteit van personeel of studente soos verblyf, vliegkaartjies en daggelde, befonds word). Dus is alle ander toekennings soos Welcome Trust, EU, NIH, BMGF, UKRI, ens., onderhewig aan die Volkostebeleid. Kontak asseblief die volkoste-rekenmeesters indien u twyfel.

8. Hulp met die begrotings van navorsingsprojekte kan vanaf verskeie inligtingsbronne op ANO se webwerf Navorsingsontwikkeling (sun.ac.za) verkry word, sowel as deur kontak te maak met die volkoste-rekenmeesters: Audrey Erasmus (audreyerasmus@sun.ac.za) en Chantal Hugo (chantalhugo@sun.ac.za).

9. Verwys asb. ook na die Beleid vir die Bepaling van Volkoste vir Navorsing en Navorsingsverwante Kontrakte: Beleide en riglyne (sun.ac.za).

## B. Algemene inligting rakende die IKVK:

1. Navorsingsprojekte wat deur eksterne befondsing befonds word, hou verband met sekere indirekte koste; die gronde vir die IKVK is dus om hierdie indirekte koste te verhaal en sodoende by te dra tot volhoubare finansiële bestuur van die Universiteit.

2. 'n Verdere aspek wat bydra tot die behoefte aan indirekte kosteverhaling het betrekking op die IER-wet, wat onder sekere omstandighede 'n wetgewende vereiste aan universiteite stel om die volkoste (alle direkte en indirekte koste) t.o.v. navorsing te verhaal.

3. Met verwysing na bogenoemde wetgewing is 'n nasionale benadering ten opsigte van die berekening van die IKVK vir alle publieke hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika goedgekeur. Hierdie benadering is deur NIPMO goedgekeur. Die eerste IKVK-beleid wat onderhewig was aan NIPMO-goedkeuring, is op 30 September 2013 ingestel en het die vorige beleid van 12%-heffing vervang. In 2018 is die IKVK-beleid en -persentasie institusioneel hersien. Die IKVK-beleid en -persentasie het in 2022 'n tweede institusionele hersiening ondergaan. Die gewysigde IKVK-beleid en -persentasie is goedgekeur en die nuwe beleid het op 1 Januarie 2023 in werking getree. Die beleid word in 2025 hersien.

4. Die volgende aspekte is in ag geneem tydens die berekening van die IKVK asook tydens die hersiening van die IKVK-beleid en -persentasie:

    a. Die uitvoer van navorsing wat deur eksterne partye befonds word, veroorsaak *bykomende koste* vir die Universiteit, wat as "indirekte koste" of "bokoste" bekend staan. Daar word geen voorsiening vir hierdie bykomende koste gemaak binne die befondsing wat universiteite van die staatsubsidie ontvang nie. Hierdie bykomende koste sluit in die dekking van dienste soos: regsdienste, ondersteuning in die bestuur van sake

rakende IE, finansiële dienste, menslikehulpbrondienste, navorsingsondersteuningsdienste, toegang tot biblioteekmateriaal, laboratorium- en kantoorspasie, versekering, ens.

i. Hierdie "indirekte koste" moet op 'n manier verhaal word om te verseker dat kontraknavorsing nie deur die universiteit self gesubsidieer word nie. Dit word moontlik gemaak deur 'n IKVK van 20% op alle inkomste uit die sogenaamde derde en vyfde geldstroominkomste toe te pas, wat neerkom op 25% op direkte koste. Bruto derde en vyfde geldstroominkomste sluit navorsingskontrakte, diverse navorsing, konsultasiedienste, roetine dienste, kortkursusse en die verkoop van alle ander produkte en dienste, in.

ii. Die IKVK-berekening en volkoste-metodologie is aan NIPMO voorgelê vir goedkeuring in ooreenstemming met statutêre vereistes. Gebaseer op die onlangse voorlegging in 2024, sal die volgende van toepassing wees vanaf **1 Januarie 2025**: vir navorsingskontrakte **waar die kliënt die IE wil besit of eksklusiewe lisensieregte op die IE wil hê en waar dit as Navorsing en Ontwikkeling ingevolge die IER-wet geag word,** sal die transaksie onderhewig wees aan die bepalings van die volkoste-beleid en 'n **25% IKVK op inkomste** (wat neerkom op 33% op direkte koste) sal toegepas word. Waar geen IE-eienaarskap of eksklusiewe regte deur die befondser vereis word nie, sal die IKVK van 20% van toepassing wees soos per B.4.a.i. hierbo.

Hieronder is 'n voorbeeld van die IKVK-berekening:

| 20% IKVK Berekening | | | Notas |
|---|---|---|---|
| | | % IKVK Toekenning | |
| 20% IKVK | | | |
| Direkte Koste | 100,00 | 25% (20/80) | 1 |
| Indirekte Koste (20%) | 25,00 | | |
| Totale Koste | 125,00 | 20% (20/100) | 2 |

**Notas:**
**1) Wanneer IKVK op die direkte koste bereken word, gebruik 25% m.a.w. (R100*25% = R25)**
**2) Wanneer IKVK op die totale koste bereken word, gebruik 20% m.a.w. (R125*20% = R25)**

| 25% IKVK Berekening | | | Notas |
|---|---|---|---|
| | | % IKVK Toekenning | |
| 25% IKVK | | | |
| Direkte Koste | 100,00 | 33,00% (25/75) | 1 |
| Indirekte Koste (25%) | 33,00 | | |
| Totale Koste | 133,00 | 25% (25/100) | 2 |

**Notas:**
**1) Wanneer IKVK op die direkte koste bereken word, gebruik 33% m.a.w. (R100*33% = R33)**
**2) Wanneer IKVK op die totale koste bereken word, gebruik 25% m.a.w. (R133*25% = R33)**

b. Befondsing wat van die IKVK uitgesluit is, is befondsing wat vir beurse geoormerk is (m.a.w. befondsing wat uit die staanspoor vir beurse geoormerk is) en ongespesifiseerde skenkings. Verwys asseblief na die IKVK-beleid vir meer inligting: Beleide en riglyne (sun.ac.za).

c. Die IKVK-beleid maak voorsiening vir sekere gedeeltelike kwytskeldings of vrystellings, maar is onderhewig aan formele goedkeuring. Vir meer inligting oor die IKVK-reëlings omtrent toerusting, deurvloeifondse, beurse en waar befondsers bokoste of indirekte kosteverhaling beperk, raadpleeg asseblief die IKVK-beleid. Die aansoekproses vir gedeeltelike of volle vrystelling is beskikbaar by https://www.sun.ac.za/afrikaans/research-innovation/Research-Development/icrr

Navrae oor die IKVK kan aan Ilse Griffiths (wilters@sun.ac.za) gerig word.